A.G Visser Straat 1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za

Ons waarde vir die maand: Lojaliteit

OMSENDBRIEF 2021 -10

29 Julie 2021

Beste Ouer / Voog

Baie welkom terug na die vakansie. Ons sien uit na 'n opwindende kwartaal 3. Ons is veral bly om almal wat siek was terug te verwelkom. Ons doen 'n beroep op ouers om leerders wat enige verkoue simptome het, tuis te hou, om te verhoed dat hulle ander leerders aansteek. Dit bly egter belangrik dat leerders gereeld skool toe kom, aangesien deurlopende assessering gedoen word.

Daar gaan nie 'n formele toetsreeks geskryf word hierdie kwartaal nie, maar die onderwysers sal vroegtydig datums vir hulle onderskeie klastoetse aan u deurgee. Rapporte word die laaste periode op 6 Augustus 2021 uitgedeel aan leerders.

Graad 1 inskrywings

Inskrywings vir voornemende Graad 1 leerders gaan binnekort open. Ons doen 'n beroep op u om ons te help met die bemarking van ons skool in ons Rensburg-gemeenskap. Inskrywingsvorms kan van die webblad afgetrek word en elektronies ingevul word. Inskrywingsvorms kan ook by die kantoor aangevra word.

Hulp met inskrywings

Die kantoor gaan voornemende ouers help met hulle elektroniese inskrywings. Vorms kan dus nou al na ons gestuur word, sodat die leerder se plek verseker is vir volgende jaar. Hou asseblief ons kommunikasie dop vir baie opwindende nuus en inligting rakende nuwe inskrywings.

Skooldrag

Leerders mag kies of hulle formele skooldrag of 'n sweetpak wil dra op enige gegewe dag. Skooldrag en sweetpakdrag mag egter nie gemeng word nie. Kom ons maak seker dat leerders netjies skool toe kom, sodat hulle te alle tye trots op hulle skooldrag sal wees. Die beheerliggaam het voortaan besluit dat die skoolrokkies en gryshempies nie meer 'n skoolwapen op sal hê nie. Gewone wit en grys kouse sal ook toegelaat word. Ons probeer ons ouers help om die hoë koste van skooldrag te beperk. Dit staan u egter vry om self 'n wapen op te laat borduur, indien u dit sou verkies.

A.G Visser Straat 1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za

Kwartaalprogram

Sport: Oefeninge begin 2 Augustus 2021

BUITEMUURS KWARTAAL 3

MAANDAG	AKTIWITEIT	OUDERDOM	TYD	PERSONEEL
	Skaak	Gr 1-3	13:00-14:00	Juf Wendy
	Skaak	Gr 4-7	13:30-14:30	Juf Tanya
	Sanglesse		13:30-14:30	Juf Carla
	Wiskunde verryking	Gr 4-7	13:30-14:00	Vakonderwysers
	Mini-Hokkie	0/6 Dogters	13:15-14:00	Juf Natasha en Rinske
	Mini-Hokkie	0/7 Dogters	13:15-14:00	Juf Sherani
	Mini-Hokkie	0/8 Dogters	13:15-14:00	Juf Elbe
	Mini-Hokkie	0/9 Dogters	13:15-14:00	Juf Chantell
	Hokkie	0/11 Dogters	14:00-15:00	Juf Nadia
	Hokkie	Tweede Span D	14:00-15:00	Juf Marthie en Ane
	Hokkie	Eerste Span D	14:00-15:00	Juf Lanelle en Suzette
	Mini-Tennis	0/6-0/9 S	13:15-14:00	Juf Heidi
	Tennis	0/10-0/13 S	14:00-15:00	Juf Elsabe en Aneleen
	Biblioteek		14:00-15:00	Juf Wendy en Natasha
DINSDAG	**AKTIWITEIT**	**OUDERDOM**	**TYD**	**PERSONEEL**
	Ekstra Klasse (Afr)	Gr 4-7	13:30-14:00	Vakonderwysers
	Biblioteek	Gr 4-7	14:00-15:00	Juf Rinske en Elbe
	Mini-Krieket	Gr R en 0/7 S	13:15-14:00	Juf Selma
	Mini-Krieket	0/8 Seuns	13:15-14:00	Juf Anita
	Mini-Krieket	0/9 Seuns	13:15-14:00	
	Krieket	0/10 en 0/11 S	14:00-15:00	Mnr Jacques
	Krieket	0/12 en 0/13 S	14:00-15:00	Mnr Louis
	Mini-Tennis	0/6-0/9 D	13:15-14:00	Juf Heidi
	Tennis	0/10-0/13 D	14:00-15:00	Juf Elsabe en Aneleen

A.G Visser Straat 1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za

WOENSDAG	AKTIWITEIT	OUDERDOM	TYD	PERSONEEL
	Ekstra Klasse (Wisk)	Gr 4-7	13:30-14:00	Vakonderwysers
	Skaak	Gr 1-3	13:00-14:00	Juf Wendy
	Skaak	Gr 4-7	13:30-14:30	Juf Tanya
	Biblioteek	Gr 4-7	14:00-15:00	Juf Chantell en Sherani
	Sanglesse		13:30-15:30	Juf Carla
	Abacus Wiskunde		13:15-14:15	Juf Trudie
	Mini-Hokkie	0/6 Dogters	13:15-14:00	Juf Natasha en Rinske
	Mini-Hokkie	0/7 Dogters	13:15-14:00	Juf Sherani
	Mini-Hokkie	0/8 Dogters	13:15-14:00	Juf Elbe
	Mini-Hokkie	0/9 Dogters	13:15-14:00	Juf Chantell
	Hokkie	0/11 Dogters	14:00-15:00	Juf Nadia
	Hokkie	Tweede Span D	14:00-15:00	Juf Marthie en Ane
	Hokkie	Eerste Span D	14:00-15:00	Juf Lanelle en Suzette
	Mini-Tennis	0/6-0/9 S	13:15-14:00	Juf Heidi
	Tennis	0/10-0/13 S	14:00-15:00	Juf Elsabe en Aneleen
	Biblioteek		14:00-15:00	Juf Heidi en Anita
DONDERDAG	**AKTIWITEIT**	**OUDERDOM**	**TYD**	**PERSONEEL**
	Ekstra Klasse (Eng)	Gr 4-7	13:30-14:00	Vakonderwysers
	Biblioteek	Gr 4-7	14:00-15:00	Chantell & Sherani
	Mini-Krieket	Gr R en 0/7 S	13:15-14:00	Juf Selma
	Mini-Krieket	0/8 Seuns	13:15-14:00	Juf Anita
	Mini-Krieket	0/9 Seuns	13:15-14:00	
	Krieket	0/10 en 0/11 S	14:00-15:00	Mnr Jacques
	Krieket	0/12 en 0/13 S	14:00-15:00	Mnr Louis
	Mini-Tennis	0/6-0/9 D	13:15-14:00	Juf Heidi
	Tennis	0/10-0/13 D	14:00-15:00	Juf Elsabe en Aneleen

A.G Visser Straat 1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za

Vergaderings

Die onderskeie beheerliggaam komitees vergader vanaf 2 Augustus 2021. Indien u enige bydrae sou wou lewer, of enige vrae het, kontak gerus die komitee-voorsitters.

Leon Liebenberg – Digitale en tegnologiese ontwikkeling
Jakkie Jordaan – Projekte en Bemarking
Judy Mostert – Finansies
Sarel Swanepoel – Infrastruktuur en sekuriteit

Die Beheerliggaamvergadering sal op 17 Augustus 2021 plaasvind.

Projekte en aktiwiteite

27 Augustus 2021

Die Graad 7 leerders hou 'n entrepreneursdag. Juf Lanelle sal die inligting aan die leerders deurgee.

3 September 2021

Ons het die dag waarop ons die Hindernisbaan-wedloop gaan hou, geskuif as gevolg van Covid. Ons gaan op hierdie dag ook ons Lentedag hou. Ons sal binnekort verdere inligting aan u deurgee.

22 September 2021

Ons gaan 'n Oorslaap-aand hou vir die Grondslagfase vanaf 17:00 die middag. Graad R-3 leerders gaan oorslaap in die saal onder toesig van die onderwysers. Dis 'n fondsinsamelingsprojek waar leerders geborg word vir die aand. Leerders gaan besig gehou word met 'n verskeidenheid aktiwiteite die aand, waarna hulle in die saal gaan slaap. Ouers kan leerders dan vanaf 06:00 die volgende oggend afhaal. Leerders wat nie kans sien om te oornag nie, mag om 22:00 die aand afgehaal word.

Belangrike datums

Afrikaans redenaars:	16 Augustus 2021
Engelse redenaars:	21 September 2021
Individuele foto's:	28 September 2021

Sterkte vir die kwartaal. Wees asseblief veilig en warm.

Vissiegroete

Me. S Marx
Skoolhoof